**8 SEPTEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 84**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 84:2, 11**

## ‘n Woning vir die gelowige

“Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige!” Watter kind van God is daar wat nie hierdie smagting van die digter verstaan nie? Ons word omring deur soveel lyding, swaarkry en beproewings – negatiewe dinge. Al hierdie dinge is in ons lewens ingevleg, maar hoe lieflik anders is die woning van die Here! Sy teenwoordigheid maak alles anders. God self is vir ons ‘n krag en ‘n beskerming. By Hom kry ons genade en eer. Daarom dat ons kan uitroep dat ‘n dag binne sy woning beter is as ‘n duisend daarbuite. Hierdie digter smag na die teenwoordigheid van God. Die storms in ons lewens dryf ons juis meer en meer tot ‘n verlange na sy woning.

Deur die kruisdood van Jesus Christus hoef ons ook nie drumpelwagters te wees nie. Ons hoef nie buite te staan en te smag nie. Ons kan inkom, deel word van God se woning! Die tempelgordyn is geskeur, dit is oop. Almal wat na rus smag en vrede soek, kan daardie verlange stil in sy huis. Soos selfs die kleinste voëltjies ‘n rusplek het, so het elke gelowige ‘n tuiste. Die woning van die Here is ons rusplek, werkplek en woonplek. Hoe wonderlik as God deur sy Heilige Gees keer op keer die verlange, die liefde en smagting in ons vir sy woning opwek. Daar moet egter ook by ons ‘n opregte verlange wees na sy ewige woning. Ons lyding deur hierdie wêreld laat ons ook al meer daarna smag, ‘n ewige saamwees in Hom. Mag u ook vandag smag na die teenwoordigheid van die Here en rus vind (nes maak) by sy altare.

*Sing: Psalm 84:1, 2* *Ds Hannes Noëth (Naboomspruit)*